

Saterdag 5 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 16:16-26 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Handeling 16:17

Geloof sonder bysmaak

Daar is mense wat meen hulle moet die Here tevrede stel. Sy guns wen. Ek hardloop vir Jesus. Ek 4+4 vir Jesus, en wat nog. Dat so 'n persoon wel glo, is waar, maar met 'n plus.

Die vrou wat agter Paulus-hulle aan geloop het, het dit nie gedoen uit geloof nie, maar dat sy 'n waarsêersgees gehad het, en so vir haar eienaars geld verdien het. "Hierdie manne is dienaars van die Allerhoogste en verkondig vir julle die weg van verlossing." Dis waar. Dit is wat Paulus gedoen het. Maar sy was beset deur 'n bose gees wat eintlik spottend agter hulle aan roep. Asof dit maar 'n weg van vele ander is. So word dit 'n waarheid met 'n plus. Sy kon seker gesê het: Ek preek vir Jesus.

As Paulus die gees bestraf kan sy niks meer uitroep nie, want sy het dit nie uit geloof gedoen nie. Dan beteken sy niks vir haar eienaars nie. Jesus was net 'n verkoopmiddel. Haar eienaars sleep vir Paulus en Silas voor die gereg. In al die tyd het hulle niks gehoor van die evangelie wat verkondig word nie, maar weet net watter stoflike voordeel haar geroep kon bring.

Geloof gaan oor veel meer as vertoon. Nie oor wat ander van jou "geloofsprestasies" moet hoor nie. Dit gaan oor die verlossing. Oor die Saligmaker. Oor die almagtige God. Eerlike, opregte geloof met hart en siel. Laat dit u vreugde wees elke dag, dat u die ware geloof ken en belewe. Dank die Here daarvoor.

Sing: Skrifberyming 1-1:3

Dr. JM van Tonder (Kobus) (Emeritus)